

Jy is nie die flop vd jaar nie...

Daardie “te min te laat” gevoel kleef soms aan mens vas. Dikwels voel jy asof jy die Here se heel stoutste kind is na ‘n preek of iets wat jy in die Bybel gelees het. Wel, hier’s goeie nuus vir jou: Christus begin elke dag en elke slag oor met elke “te-min-te-laat-doener.” Jesus is nie so ontevrede met jou soos wat jy dink nie. Hy is besig om jou na God se beeld te omvorm. In 2 Korintiërs 3:18 se woorde is sy Gees besig om jou van heerlijkheid tot heerlijkheid te transformeer. Hy maak jou vandag van voor af splinternuut. Dit skryf Paulus in 2 Korintiërs 4:16. Hierdie vernuwing en verandering gebeur stilweg. Net so min as wat jy ‘n boom kan sien groei terwyl jy daarna kyk, net so min gaan jy jou eie groei in God se rigting raaksien. Moenie moedeloos raak nie. Sit maar net jou hand in die Here sin en los die res oor aan Hom. Hou op om op jou mislukkings te fokus. **Jy is nie die flop van die week nie.** Om so te dink is eintlik ‘n mosie van wantroue in die Here. Boonop is dit nie waar nie.

Geskryf deur Stephan Joubert

Let your
past make
you better,
not bitter.

DIE GROOTSTE
FOUT
WAT MEESTE MENSE
MAAK IS OM;
half te luister, kwart te
verstaan en dubbel te vertel.

Ek gee nuwe
krag aan dié wat
moeg is, Ek maak
die moedlose
weer vol moed.
Jeremia 31:25

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- *Bid vir Janine Vorster vir deurbraak in haar gesondheid
- *Bid vir Lottie Conradie–kry baie swaar. Sy het MS
- *Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
- *Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here. Hy is siek
- *Bid vir Magriet du Plooy vir nabyheid vd HERE
- *Bid vir Ria Putter vir volkome genesing
- *Bid vir Hennie v Aswegen vir genesing vir sy voete
- *Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
- *Bid vir Basie Roux vir volle genesing-het prostaatkanker
- *Bid vir Suzette Fourie vir volle genesing
- *Bid vir Hercules vd Merwe vir volle genesing
- *Bid vir Gerda Jansen vir volkome herstel
- *Bid vir Peet Els vir herstel na breinoperasie
- *Bid vir Jacob Versveld-vir volle herstel na operasie
- *Bid vir oom Brummer (Erika se pa) hy is in die hospitaal
- *Bid vir Tannie Bets Coetzee-bid vir haar gesondheid
- *Bid vir Jaap Naude vir volle genesing



Onthou om te onthou . . .

Baie dankie vir jou dankoffer byvoorbaat . . .
ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
Rekno.: 0520580654
Takkode: 632005

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



Wees bly op die dag van voorspoed,
en as daar 'n dag van teëspoed kom,
sien dit so: soos die een het God ook
die ander gegee, sodat die mens nie
sal weet wat vir hom voorlê nie.

-Prediker 7:14-

Gedagte vir die week

Ek is tot alles in staat
deur Hom wat my krag gee



Filipense 4:13